**ADVERTENSIE ARTIKEL || FOKUS OP KAROO**




**As jy seker wil maak jy koop egte Karoolam, moet jy na hierdie handelsmerk kyk. Hiervoor sal jy ekstra moet betaal.** Foto: VERSKAF

# Wet bepaal watter vleis Karoolam is

Die sertifisering van Karoolam het aan die Karoo 'n trotse handelsmerk besorg.

'n Mens het al te veel gesien hoe maklik enige wors "boerewors" genoem word. Met Karoolam is dit egter nou anders.

Die laaste jare het prof. Johann Kirsten, 'n landbou-ekonoom van die Universiteit van Pretoria en die voorsitter van die trusteeraad van die Karoo-ontwikkelingstigting, hom beywer vir die ontwikkeling van 'n nuwe handelsmerk vir Karoovleis.

Deeglike navorsing is gedoen en standaarde is gestel waaraan sulke vleis moet voldoen voordat dit as "Karoovleis van oorsprong" gesertifiseer mag word.

Daar is nou wetgewing wat bepaal binne watter streke skaapboere hul lamsvleis as Karoolam mag aandui.

In streke soos die Kamdeboo, Baviaans, Karoohooglande, Kareeberg en Beaufort-Wes groei die Karoobossies wat die vleis se spesiale smaak gee.

Ander plekke wat ook kwalifiseer, is die Hantam en Laingsburg waar minstens twee geïdentifiseerde Karoobossies oor meer as 60% van die boer se weiveld groei. Natuurlike Karooveld is dus 'n vereiste.

Dit is die skaapbossie, rivierganna, kapokbossie, ankerkaroo, perdebos en silwerkaroo wat die vleis so lekker laat smaak.

Die verbruiker gaan egter ekstra moet betaal vir hierdie spesiale smaak, wat nou wetlik beskerm word.

Baie skaapvleis het as "free range" en "natural" op die rakke verskyn.

Kirsten het al gesê hoewel die meeste Karooboere besef hoe uniek hul produk is, het hulle nie altyd die kundigheid om dit na die verbruiker te versprei nie.

"Dan verdwyn hul unieke produk in die kommoditeitsmark tussen lammers van voerkrale en ander streke van Suid-Afrika," het Kirsten verduidelik.

● **Sien inligting oor sertifiseringskema en geregistreerde boere by http://www.karoomeatoforigin.com.**

# Winterskool in Prins Albert

Kapenaars reis graag in die wintermaande deur Namibië en ander buurlande, maar die hoë brandstofpryse sal baie nou liewer na die Karoo en ander plekke nader laat kyk. In die Karoo is baie om te ontdek en te geniet sonder dat jy duisende kilometers hoef af te lê.

'n Goeie eerste stilhouplek as jy die Moederstad verlaat, is **Matjiesfontein**. Geniet hier iets ligs voordat jy verder ry na **Prins Albert**, wat soos Matjiesfontein nog 'n goeie plattelandse hotel het. In die omgewing is ook gastehuise, plaasverblyf en kampeergeriewe.



**Kyk net hoe spring die dorper-lammers van die plaas Blesfontein op hul trek na die Tankwa-Karoo. Daar is nou streng vereistes oor watter skaapvleis as Karoovleis gesertifiseer mag word.** Foto: EBEN HUMAN

Met Prins Albert as basis kan die Swartbergpas en die Gamkaspoort (die Hel) verken word. Oorweeg ook om van 8 tot 17 Augustus die gewilde winterskool in Prins Albert by te woon. Gaan leer meer oor die kookkuns, fotografie, minerale, hoe om juweliersware te maak en baie meer. Sien die volledige program op http://www.princealbert.org.za.

Van Prins Albert kan jy na **Graaff-Reinet** – nog 'n juweel van die Karoo – reis.

Die Kamdeboo Nasionale Park bied kampeergeriewe as jy nie in 'n plaaslike hotel of gastehuis wil bly nie.

Gaan verken die historiese geboue en museums in Graaff-Reinet (sien http://www.graaffreinet.co.za en http://www.graaffreinetmuseums.co.za) voordat jy die pad na **Beaufort-Wes** vat.

Daar het jy baie verblyfopsies, waaronder die Karoo Nasionale Park met sy goeie kampeerplek.

Kyk op http://www.beaufortwest.net na die 26 dinge wat jy in die omgewing van dié groot Karoodorp kan doen.

SWARTBERG HOTEL
PRINS ALBERT



Tel +27(0)23 5411 332 Faks +27(0)23 5411 383
Kerkstraat 77, Prins Albert, 6930
e-pos : info@swartberghotel.net
web : www.swartberghotel.net

Die Swartberg Hotel is 'n bekoorlike Victoriaanse driesterhotel in die hartjie van die skilderagtige Karoodorpie Prins Albert. Die hotel, wat sedert 1864 bestaan, is nou een van 19 nasionale monumente op die dorp en is vandag steeds die enigste hotel in Prins Albert.

Prins Albert is binne maklike bereik van die N1 – net 40 km van die Prins Albert-afdraai en die ideale plek om oor te slaap as u op reis is van Kaapstad na die binneland. Die pad na Prins Albert van die N2 af is 'n bietjie langer, maar die manjifieke tonele in Meringspoort of die Swartbergpas is waarlik asemrowend en die geleentheid om enige van hierdie twee bergpasse te ervaar, moenie misgeloop word nie.

CERTIFIED KAROO ~ meat of origin ~

Ons lammers smul aan die smorgasbord van die Karoo. Hulle soek die spesery van skaapbossie, rivierganna en kapokbossie... hulle wei onder die koepel van die Karoo-hemel...hulle is vry van groeihormone en antibiotika.








www.karoomeatoforigin.com @karooMOO karoomeatoforigin Geniet die heilsaamheid van die Karoo en proe die verskil.